WELLINGTON

Die berge is dieselfde, die winterreën is dieselfde, die lenteblomme is dieselfde en die somerhitte is dieselfde. Maar daar is heelwat wat iemand uit die steentydperk vreemd sal vind. Vir eers is daar die vreedsame wingerde en dan die dorp Wellington. Soos jy inry, kry jy die NG Kerk met die grootse Andrew Murray wat ingedagte van sy voetstuk oor die hoofstraat tuur. Daar is niks luidruchtigs of ongemanierd omtrent Wellington nie – net bedagsame goedhartigheid. Die omliggende berge is die Hawequa en die Groenberg, en die rivier, die Kromme. Maar die Bergrivier tussen die Paarl is die grootste, en veral bekend vir die jaarlikse kanomarathon. Die wingerde het saam met die Franse Hugenote gekom, wat hier 'n toevlug van vervolging gevind het. Andrew Murray was die geleerde dominee. Wellington is 'n plek van godsdiens en onderwys – en rugby, want dit is die tuiste van die Boland-rugbyunie se hoofkwartier by Boland-stadion. Die stadion is niks uitspattigs nie, net gerieflik. Die steentydperk se mense het hier gewoon, asook die San en die Khoi voordat die Europeërs opgedaag het – meestal Nederlanders, Franse en die Engelse. Die Nederlanders het dit Limietvallei genoem – die grens van hul Afrika-gebied. Die Franse het dit tot Val du Charron herdoop, wat in Nederlands-Afrikaans Wagenmakersvallei geword het. Die Engelse se held was die Hertog van Wellington, wat Napoleon by Waterloo verslaan het en daarop Eerste Minister geword het. Dus is die plek in 1840 Wellington gedoop. In 1853 het die dorp meer toeganklik geword met die voltooiing van die Bainskloof-pas, en des te meer in 1863 toe die spoorweg Wellington bereik. Die boer wat die grond vir die stasie verskaf het, het 'n voorwaarde gestel: alle treine moet op Wellington stop. En dit was ook so. Sedert Andrew Murray het kerke en skole in Wellington gefloreer.

Sekondêre Skool Weltevrede

STIGTINGSDATUM: 1986
LEUSE: GRYP ELKE GELEENTHEID AAN EN MAAK 'N VERSKIL
ADRES: BLOEKOMLAAN, WELLINGTON

Rugby Geskiedenis

Weltevrede het sedert 1987 in die Boland-streek van o.14 tot o.19 mededingende rugby gespeel. Sedertdien het die sport vinnig gegroei namate al hoe meer leerlinge begin speel het. In die laaste paar jaar het die skool met sy mededinger Sekondêre Skool Bergrivier gekombineer om aan die FNB KES-toernooi deel te neem.

Heelwat Weltevrede-leerlinge is gekies vir die Bolandse Cravenweek en ander provinsiale spanne. Onder andere Delwayne Baron, Tino Prins, Kevin Williams, Alshaun Bock, Donovan Abrahams (o.19) en Christo Fransman (Akademie o.18 en o.19 Sewes). Bock is die skool se bekendste oudleerling. Hy speel tans vir Boland in die Vodacom- en Curriebeker. Voorheen het hy vir Griekwas en Suid-Afrika op o.21-vlak gespeel.

Weltevrede speel jaarliks in opwindende Bolandse derbies. Daar is onder meer die wedstryde teen New Orleans, Klein Nederburg, en Noorder-Paarl wat groot skares lok en goeie rugby bied. Die plaaslike derby in Wellington teen Hugenote lok groot belangstelling, maar die Bergrivier-wedstryd staan bo-aan die seisoen se sportkalender. In die laaste paar jaar was die wedywer straf en nie een van die twee skole kon konsekwent die oorhand kry nie. Die tellings is deurentyd naelskraaps. Colin Green is die breier sedert 2002 en het baie gedoen vir die grondslag en toekoms van rugby op Weltevrede.

"Op Weltevrede heers 'n gesonde rugbygees en die meeste van die seuns speel rugby. Die groot derby is teen Bergrivier, en die week voor die wedstryd word deeglik voorberei. Elke jaar op die vooraand voor die wedstryd bring die 1ste span die nag op die plaas Kanonkop buite Stellenbosch deur. 'n Groot vuur word aan die brand gesteek, en elke speler kry 'n stuk papier waarop hy iets moet skryf, gewoonlik hoe hy die volgende dag gaan speel. Dan word die papiere in die vuur gegooi. Daarna vra 'n motiveringspreker ons om ons oë toe te maak. Hy vra ons dan om "blou in te asem en rooi uit te blaas". Ek dink hierdie geestelike voorbereiding het gehelp in my laaste jaar in 2000. Ons het Bergrivier ore aangesit!"

— Alshaun Bock
(1998-2000; speel vir Boland sedert 2002)